Alle regte voorbehou Lectorsa ©

Lewensvaardighede Vlak 8-12: Werkskaart 2

Die Onderhoud

'n Werksonderhoud kan 'n stresvolle ervaring wees. Dit is normaal om senuagtig te wees. Bly egter kalm en gefokus. Fokus op die doel van die onderhoud.

Hier is 'n paar wenke:

- ✓ Doen navorsing oor die organisasie voor die onderhoud.
- ✓ Wees ten minste 15 minute voor jou afspraak al daar.
- ✓ Bied 'n ferm handruk aan vir die onderhoudvoerder.
- ✓ Behou oogkontak en onthou om te glimlag.
- ✓ Hou jou selfoon afgeskakel.

Eerste indrukke is uiters belangrik. Onthou dat jy 'n boodskap gaan stuur deur jou kleredrag. Wees dus reg geklee. Maak eerder konserwatiewe kleredrag keuses. Dink hoe die maatskappy se kultuur moontlik voorskryf hoe jy behoort aan te trek. Moet nie te veel grimering of oordadige juwele dra nie. Moet geensins enigiets drawat aanstoot kan gee nie.



Kleredrag vir 'n onderhoud

a. Dasse: Konserwatiewe kleure is geskik.

b. Hemde: Wit of ligte kleure. Altyd ingesteek. Broek – Donker kleure.

c. Baadjie – 'n Getailleerde baadjie – skep 'n goeie indruk.

d. Belde: Verkieslik leer bruin of swart.

e. Skoene: Bruin of Swart – Kouse 'n kleur wat by jou broek pas.

f. Onthou 'n notaboek, waarin jy aantekeninge kan maak.

g. Onthou jou CV.

h. Onthou 'n Pen.

i. Jou hare behoort netjies en verkieslik kort te wees.

Alle regte voorbehou Lectorsa ©

Dames: Kleredrag vir ‘n onderhoud.

- Dra verkieslik ‘n rok en nie ‘n langbroek nie.
- Jou kleredrag moet professioneel wees, verkieslik ligte kleure of twee kleur kombinasies. Vermy meerkleurige- of bont rokke.
- Grimering: Gebruik natuurlike kleure en vermy helder kleure asook te veel onderlaag en oog skaduwee.
- Skoene: Dra verkieslik toe hofskoene bypassend tot jou rok. Geen ooptoon skoene of uitermatige hoë hakke nie.
- Bykomstighede: Volg die reël van eenvoud. Hoe minder en eenvoudiger jou bykomstighede, hoe beter.

Hoe om op te tree tydens die onderhoud.

- ✓ Sit slegs wanneer die onderhoudvoerder aandui dat jy kan sit.
- ✓ Bied jou CV aan indien hulle nie reeds ‘n kopie het nie.
- ✓ Behou oogkontak met die onderhoudvoerder en glimlag
- ✓ Luister aandagtig.
- ✓ Knik bevestigend terwyl die onderhoudvoerder praat.
- ✓ Sit regop.
- ✓ Indien jy nie ‘n vraag verstaan nie, vra dat die vraag herhaal word.

Moet nooit, ooit…

- ✓ Smeek nie.
- ✓ Jou hartseer verhaal vertel aan die onderhoudvoerder nie.
- ✓ Laat wees nie.
- ✓ Kougom kou nie.
- ✓ Onaanvaarbare taal gebruik nie.
- ✓ Aandring op ‘n onmiddelike antwoord nie.
- ✓ Sê: “Ek weet nie”. Hulle gaan nie verwag dat jy alles moet weet nie, maar gaan definitief verwag dat jy ‘n positiewe houding het.

Watter tipe inligting sal jy navors oor die maatskappy waar jy vir ‘n onderhoud gaan?

_____

Alle regte voorbehou Lectorsa ©

_____

_____

Hoe sal jy jouself voorstel aan die onderhoudvoerder?

_____